(2) Nothing in this section shall apply to any contract for the supply by the council of anything or the rendering by it of any service at the ordinary published charges for such supply or service, nor to the purchase of property or goods disposed of by the council by public auction nor to any purchase or lease of land and/or buildings nor to the erection of a dwelling or the making of an advance of money for the purposes of erecting a dwelling under and in terms of the Housing Act, 1920, or section *seventy-nine* (28) of this Ordinance, provided that the conditions of such purchase, lease, erection, or advance shall be subject to the consent of the Administrator.

Exemption
of servants
and
members of
council
from
personal
liability.

47. No matter or thing done or omitted, and no contract entered into by the council, and no matter or thing done or omitted by any councillor or officer or servant of the council or other person acting under the direction of the council shall, if the matter or thing were done or omitted or the contract was entered into in good faith for the purposes of this Ordinance or of any by-law or regulation in force in the municipality, subject any such person personally to any action, liability, claim, or demand whatsoever; and any expense incurred by the council or any such person as aforesaid shall be paid by the council out of its revenues; provided that nothing in this section shall exempt any such councillor, officer, or servant or other person aforesaid from liability to be surcharged with the amount of any payment which may be disallowed by the auditor, appointed by the Administrator under section *fifty-nine* of this Ordinance in the accounts of the council and which such councillor authorized or joined in authorizing.

of aanneem, dan is hy daarna onbevoegd om enige betrekking of amp kragtens hierdie Ordonnansie te beklee of daarin aan te bly en staan hy bloot aan 'n boete van hoogstens vyftig pond. Enige profyte, gelde of beloning wat aan so'n beampte of dienaar toegekome het of mag toekom ten gevolge van so'n onderne-
 ming, kontrak of ooreenkoms, kan deur die raad voor enige bevoegde hof ingevorder word.

Ord. No.
17 van
1939.

Artikel 46:

(2) Die bepalings van hierdie artikel is nie van toepassing nie op enige kontrak vir die lewering deur die raad van enigiets of die bewys deur hom van enige diens teen die gewone gepubliseerde koste vir so'n lewering of diens, nog op die aankoop van eiendom of goedere deur die raad by publieke veiling van die hand gesit, nog op enige aankoop of verhuur van grond en/of geboue, nog op die bou van 'n woonhuis of die toekenning van 'n voorskot in geld vir die bou van 'n woonhuis kragtens die Woningwet, 1920, of artikel *nege-en-sewentig* (28) van hierdie Ordonnansie; met dien verstande dat die voorwaardes van so'n aankoop, verhuur, bou, of voorskot onderworpe is aan die toestemming van die Administrateur.

47. Geen saak of ding verrig of nie verrig nie, en geen kontrak aangegaan deur die raad, en geen saak of ding verrig of nie verrig nie deur enige raadslid of beampte of dienaar van die raad of ander persoon wat op bevel van die raad handel, maak, as die saak of ding verrig of nie verrig was nie of die kontrak te goedertrou aangegaan was vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie of van enige verordening of regulasie van krag in die munisipaliteit, so'n persoon persoonlik aanspreeklik vir enige handeling, verpligting, vordering, of eis wat ook al; en enige onkoste deur die raad of so'n persoon soos voornoem gemaak, moet deur die raad uit sy inkomste betaal word; met dien verstande dat die bepalings van hierdie artikel nie so'n raadslid, beampte, of dienaar of ander persoon soos voornoem vrystel nie van die aanspreeklikheid om beboet te word met die bedrag van enige betaling wat afgekeur word deur die ouditeur benoem deur die Administrateur kragtens artikel *nege-en-vyftig* van hierdie Ordonnansie in die rekenings van die raad en waartoe so 'n raadslid magtiging gegee het of wat hy saam met ander gemagtig het.

Vrystelling
van
dienaars
en lede
van die
raad van
persoonlike
aanspreek-
likheid.

Ord. No.
17 of 1939.

CHAPTER V.

FINANCIAL.

PART I.—REVENUES AND BORROWING POWERS.

Revenue of council. **48.** The revenue of the council shall consist of—

- (a) all rates and taxes levied by the council;
- (b) all fines imposed by a competent court and forfeited bail bonds for the contravention of by-laws, regulations, or the provisions of this Ordinance;
- (c) all fees and duties imposed by the council and licence moneys on licences issued by the council and all market dues, tolls, rents, pound fees, and taxes on dogs chargeable or leviable by the council;
- (d) all charges made by the council for the supply of electricity, gas, water, tramway, bus, and sanitary services, and also all charges or profits arising from any trade, service, or undertaking carried on by the council under any powers vested in it;
- (e) all other fees moneys or charges recoverable by the council or to which the council is entitled under this Ordinance or any other law.

Recovery of sanitary rates. **49.** (1) All moneys due for sanitary services and water, where waterborne sewerage has been installed, shall be recoverable from the owner and occupier jointly and severally of the premises in respect of which the services were rendered, provided that the owner shall in the absence of any agreement to the contrary, be entitled to recover from the occupier of the said premises for the time being any such charges paid by him in respect of the occupation of such occupier.

(2) When any charges due in respect of any premises for sanitary services and water, where waterborne sewerage has been installed, shall remain unpaid for a period of six weeks after the date on which written notice shall have been given by the council to the owner or occupier of his indebtedness, the council may at any time within twelve months after such date proceed jointly and severally against the owner and occupier for the time being of such premises for the amount of such charges or

HOOFSTUK V.

FINANSIEEL.

Ord. No.
17 van
1939.

DEEL I.—INKOMSTE EN LENINGSBEVOEGDHEDE.

48. Die inkomste van die raad bestaan ^{Inkomste van raad.} uit—

- (a) alle belastings deur die raad gehef;
- (b) alle boetes deur 'n bevoegde hof opgelê en verbeurde borgaktes vir die oortreding van verordeninge, regulasies, of die bepalinge van hierdie Ordonnansie;
- (c) alle gelde en belastings opgelê deur die raad en lisensiegelde vir lisensies deur die raad uitgereik en alle markgelde, folgelde, huurgelde, skutgelde, en belastings op honde wat die raad mag vorder of hef;
- (d) alle heffings deur die raad vir die lewering van elektrisiteit, gas, water, dienste in verband met tremweg, busse en saniteit en tewens alle heffings of winste wat ontstaan uit enige bedryf, diens of onderneming bestuur deur die raad kragtens enige bevoegdhele hom verleen;
- (e) alle ander bedrae, gelde of heffings wat die raad mag invorder of waartoe die raad geregtig is kragtens hierdie Ordonnansie of enige ander wet.

49. (1) Alle gelde verskuldig vir saniteits- ^{Invoordering van saniteits-belastings.} dienste en water waar waterriolering geïnstalleer is, is invorderbaar van die eienaar en bewoner gesamentlik en afsonderlik van die perseel waarvoor die dienste bewys was, met dien verstande dat by gebrek aan 'n andersluidende ooreenkoms, die eienaar geregtig is om op die persoon wat op daardie tydstep genoemde perseel bewoon, enige sodanige gelde deur hom betaal ten opsigte van die bewoning deur so'n persoon, te verhaal.

(2) As enige koste verskuldig ten opsigte van enige perseel vir saniteitsdienste en water waar waterriolering geïnstalleer is, onbetaald bly vir 'n tydperk van ses weke na die datum waarop die raad skriftelik kennis gegee het aan die eienaar of bewoner van sy skuld, dan kan die raad te eniger tyd binne twaalf maande na so'n datum gesamentlik en afsonderlik op die eienaar en bewoner op daardie tydstep van so'n perseel 'n vordering instel vir die bedrag van sodanige koste of enige

Ord. No.
17 of 1939.
—
Section 49.

any part thereof, and may recover the same from such owner or occupier; provided that every such occupier shall be entitled to deduct from any rent or other amount payable by him to the owner of the premises any portion of such charges paid by or recovered from him under this sub-section which the owner could not lawfully have required him to pay and the production of the receipts for such portion of such charges so paid or recovered from such occupier shall be a good and sufficient discharge for the amount so paid or recovered as payment of rent or other amount.

(3) The council may charge and recover interest on arrear charges for sanitary services and water, where waterborne sewerage has been installed, at a rate not exceeding seven per centum per annum.

Payment of
rates, taxes
and other
charges
before
transfer of
premises.

50. (1) No transfer of any premises or of any interest in land as defined by the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, or any amendment thereof within a municipality shall be passed or registered before any registration officer until a written statement in the form shown in the Third Schedule to this Ordinance and signed and certified by the town clerk or other officer authorized thereto by the council, shall be produced to such registration officer, nor unless such statement shows—

- (a) that all charges for a period of two years immediately preceding the date of application for transfer due in respect of such premises or interest in land for sanitary services and lawfully made under this Ordinance or any duly authorised by-laws or regulations; and
- (b) that all charges, if any, for a period of two years immediately preceding the date of application for transfer due in respect of such premises or interest in land on account of rates or taxes imposed under the Local Authorities Rating Ordinance, 1933, or any amendment thereof or under any prior Ordinance or for erf tax; and
- (c) that all sums, if any, due on account of any expenses incurred or advances made by the council to the owner of such premises or interest in land under

deel daarvan, en die koste op so'n eienaar of bewoner verhaal; met dien verstande dat elk sodanige bewoner die reg het om van enige huurgelde of ander bedrag deur hom aan die eienaar van die perseel betaalbaar, enige gedeelte van sodanige koste af te trek deur hom betaal of van hom ingevorder kragtens hierdie subartikel wat die eienaar nie wettiglik hom kon laat betaal het nie, en die vertoning van die kwitansies vir so'n gedeelte van sodanige koste aldus betaal deur of ingevorder van so 'n bewoner, is geldige en voldoende kwytskelding vir die bedrag aldus betaal of ingevorder as betaling van huur of ander bedrag.

Ord. No.
17 van
1939.

—
Artikel 49.

(3) Die raad kan rente eis en invorder op agterstallige gelde vir saniteitsdienste en water waar waterriolering geïnstalleer is, teen 'n koers van hoogstens sewe persent per jaar.

50. (1) Geen transport van enige perseel of van enige belang in grond soos omskryf in die „ Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie ”, 1933, of enige wysiging daarvan, binne 'n munisipaliteit mag voor enige registrasiebeampte deurgesit of geregistreer word nie voordat 'n skriftelike verklaring in die vorm vermeld in die Derde Bylae van hierdie Ordonnansie en geteken en gesertifiseer deur die stadsklerk of 'n ander amptenaar daartoe deur die raad gemagtig, aan so'n registrasiebeampte getoon word, of tensy so'n verklaring aantoon—

Betaling
van belas-
tings en
ander het-
tings voor
transport
van
eiendom.

- (a) dat alle gelde vir 'n tydperk van twee jaar onmiddellik voor die datum van aansoek om transport, wat verskuldig is ten opsigte van sodanige perseel of belang in grond vir saniteitsdienste en wettiglik gehef is kragtens hierdie Ordonnansie of enige behoorlik gemagtigde verordeninge of regulasies; en
- (b) dat alle gelde (as daar is) vir 'n tydperk van twee jaar onmiddellik voor die datum van aansoek om transport wat verskuldig is ten opsigte van sodanige perseel of belang in grond vir belastings gehef kragtens die „ Plaaslike-Bestuur-Belastingordonnansie ”, 1933, of enige wysiging daarvan, of enige vorige ordonnansie of vir erfbelasting; en
- (c) dat alle bedrae (as daar is) wat verskuldig is ten opsigte van enige onkoste gemaak of geld voorgeskiet deur die raad aan die eienaar van sodanige perseel of

Ord. No.
17 of 1939.

Section 50.

the provisions of sub-section (4) of section *eighty-one*, sub-section (4) of section *eighty-three* and sub-section (1) of section *one hundred and forty-two* of this Ordinance

have been paid to the council, provided that in the case of transfer of immovable property by a trustee in insolvency the provisions of this section shall be read subject to the provisions of section *eighty-nine* of the Insolvency Act, No. 24 of 1936, and the latter provisions shall apply; provided further that nothing in this section contained shall be held to apply to advances made for the purchase of electric or gas stoves, refrigerators, wireless sets and articles of a like nature which are in practice not regarded as fixtures.

The town clerk or other officer authorized by the council is hereby required to give the said statement on the demand of the owner of the premises or interest in land or his attorney or agent upon payment by him of a charge to be fixed by resolution of the council not exceeding two shillings for each such statement.

(2) (a) All such charges and sums mentioned in paragraphs (a) and (b) of sub-section (1) shall be a charge upon the premises or interest in land in respect of which they are owing and shall be preferent to any mortgage bond passed over such property subsequent to the coming into operation of this Ordinance.

(b) All such charges and sums mentioned in paragraph (b) of sub-section (1) of section *one hundred and forty-two* shall be a charge on the premises or interest in land in respect of which they are owing and shall, subject to compliance with the provisions of sub-section (6) of that section be preferent to any mortgage bond passed over such property subsequent to the coming into operation of this Ordinance.

Books of
council to
be *prima*
facie
evidence of
sums due.

51. The books and records of the council and any extracts therefrom certified by the town clerk or other officer authorized thereto by the council shall in any proceedings for the recovery of sanitary fees or charges for the

belang in grond kragtens die bepalings van subartikel (4) van artikel *een-en-tagtig*, subartikel (4) van artikel *drie-en-tagtig* en subartikel (1) van artikel *honderd twee-en-veertig* van hierdie Ordonnansie,

Ord. No.
17 van
1939.

—
Artikel 50.

aan die raad betaal is; met dien verstande dat in die geval van transport van onroerende eiendom deur 'n kurator van 'n insolvente boedel, die bepalings van hierdie artikel gelees moet word met inagneming van die bepalings van artikel *nege-en-tagtig* van die Insolvensiewet, No. 24 van 1936, en dat laasgenoemde bepalings van toepassing is; met dien verstande verder dat niks in hierdie artikel vervat as van toepassing beskou moet word op voorskotte gemaak vir die aankoop van elektriese of gasstowe, verkoelers, radio-toestelle en artikels van dergelike aard nie wat in die praktyk nie as ingebou beskou word nie.

Die stadsklerk of ander beamppte deur die raad gemagtig, word hierby opgedra om genoemde verklaring op versoek af te gee aan die eienaar van die perseel of belang in grond of sy prokureur of agent teen betaling deur hom van 'n bedrag wat by besluit van die raad vasgestel moet word, maar wat nie meer as twee sjielings vir elk sodanige verklaring mag wees nie.

(2) (a) Alle sodanige koste en bedrae genoem in paragraawe (a) en (b) van subartikel (1) is 'n las op die perseel of belang in grond ten opsigte waarvan dit verskuldig word en geniet voorkeur op enige verbandakte oor sodanige eiendom aangegaan na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie.

(b) Alle sodanige koste en bedrae genoem in paragraaf (b) van subartikel (1) van artikel *honderd twee-en-veertig* is 'n las op die perseel of belang in grond ten opsigte waarvan dit verskuldig word, en het, onderworpe aan die nakoming van die bepalings van subartikel (6) van daardie artikel 'n voorkeur op enige verbandakte oor sodanige eiendom aangegaan na die inwerkingtreding van hierdie Ordonnansie.

51. Die boeke en stukke van die raad en enige uittreksels daarvan gesertifiseer deur die stadsklerk of ander beamppte daartoe deur die raad gemagtig, is by enige regsdeding vir die invordering van gelde vir saniteitsdienste of heffings vir die lewering van gas, water of

Boeke van
raad is
prima facie
bewys van
ver-
skuldigde
bedrae.

Ord. No.
17 of 1939.

—
Section 51.

supply of gas, water, or electricity, or for any other municipal service, be *prima facie* evidence of the amounts due for the same.

Borrowing
powers.

52. (1) The council may by a majority of the councillors present at a meeting specially convened for the purpose (provided the number of members voting in the majority is equal to a majority of the full council) from time to time raise loans in such amounts and on such conditions as may be approved by the Administrator subject to the provisions of this Ordinance; provided that any council whose annual rate income exceeds £500,000 in addition to obtaining advances from any bank by way of bank overdraft may, in such amounts and on such conditions as the Administrator may approve, from time to time obtain short period loans including loans at call, either from any bank or from any other person, for the purpose of temporarily financing loan expenditure in respect of which borrowing powers have been duly authorised.

(2) Such loan shall be secured and charged on the whole of the land, rents, property, and revenues of the council, including any lands which may be specially placed at the disposal of the council under the provisions of any law and including all rates which the council may impose under the provisions of any law for the time being in force; provided that this section shall not be deemed to confer upon the council any power to alienate such lands other than is conferred by such law.

(3) Where any such loan shall be raised by means of stock the provisions of Ordinance No. 3 of 1903 except section *fifty-one* thereof shall *mutatis mutandis* apply.

(4) If at any time any interest due on any loan (other than stock) shall remain unpaid for ninety days after demand therefor in writing has been lodged with the town clerk by the person entitled thereto or by his duly authorized representative, application may be made by such person or his representative to any competent court for the appointment of a receiver of the property and revenues on which the loan is secured.

elektrisiteit, of vir enige ander munisipale diens, *prima facie* bewys van die bedrae daarvoor verskuldig.

Ord. No
17 van
1939.

Artikel 51.

52. (1) Die raad kan deur 'n meerderheid van die raadslede teenwoordig op 'n vergadering wat spesiaal vir daardie doel belê is (mits die aantal lede wat in die meerderheid stem gelyk is aan 'n meerderheid van die volle raad), van tyd tot tyd leningsluit vir bedrae en op voorwaardes wat die Administrateur, onderworpe aan die bepalings van hierdie Ordonnansie, goedkeur; met dien verstande dat 'n raad wie se jaarlikse belastingsinkomste £500,000 oorskry, benewens voorskotte wat by wyse van bankoortrekking van 'n bank verkry word, tot die bedrae en op die voorwaardes wat die Administrateur goedkeur, van tyd tot tyd korttermynlenings, met inbegrip van onmiddellik opsegbare lenings, kan verkry hetsy van 'n bank of van iemand anders, met die doel om leningsuitgawe ten opsigte waarvan leningsbevoegdheede behoorlik gemagtig is, tydelik te finansier.

(2) So'n lening moet gedek word deur alle gronde, huurgelde, eiendom en inkomste van die raad, met inbegrip van enige gronde wat spesiaal tot beskikking van die raad geplaas word kragtens die bepalings van enige wet en met inbegrip van alle belastings wat die raad mag hef kragtens die bepalings van enige wet wat asdan van krag is; met dien verstande dat dit nie geag moet word nie dat hierdie artikel aan die raad enige bevoegdheid verleen om sodanige gronde te vervreem op 'n ander wyse as deur so'n wet verleen is.

(3) Waar so'n lening opgeneem word deur middel van effekte, is die bepalings van Ordonnansie No. 3 van 1903 met uitsondering van artikel *een-en-vyftig* daarvan, *mutatis mutandis* van toepassing.

(4) As te eniger tyd enige rente verskuldig op enige lening (behalwe effekte) vir negentig dae onbetaald bly nadat 'n eis daarvoor by die stadsklerk skriftelik ingedien is deur die persoon wat reg daarop het of deur sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger, dan kan so'n persoon of sy verteenwoordiger in enige bevoegde hof aansoek doen om die aanstelling van 'n ontvanger van die eiendom en inkomste wat die lening dek.

Ord. No.
17 of 1939.

—
Section 52.

(5) On the hearing of such application the court may make such order and give such directions as under the circumstances shall seem expedient for raising and payment of the moneys due. In particular the court may order that a rate or rates of such amount or amounts as it may fix be levied upon all rateable property within the municipality, and any rate so ordered to be levied shall have the same incidence as any rate imposed by the council, and may be enforced in like manner, and the proceeds thereof shall be paid into court or otherwise as the court shall direct.

(6) If at any time default be made in the repayment of any loan or of any instalment thereof after a period of thirty days from the date on which such loan or instalment shall have become repayable the like proceedings may be instituted on the application of the person to whom such repayment shall be due or his duly authorized representative.

(7) The court, on such application in addition to any order which it is empowered to make under sub-section (5) may, if it shall think fit, order the sale of any property on which the loan may be secured, subject always to the provisions of any law as regards the alienation of any lands vested in the council under such law.

(8) Notwithstanding anything to the contrary contained in sub-section (17) of section *fifty-one* of Ordinance No. 3 of 1903 the security for bills issued under the provisions of that Ordinance shall be the security provided for by sub-section (2) of this section.

(9) Notwithstanding anything contained in this section Ordinance No. 3 of 1903 [as amended] shall continue to apply to the municipality of Johannesburg, and it shall not be lawful for the council of that municipality to borrow money by means of stock or bills except in manner provided by that Ordinance.

(10) Subject to the provisions of this section and subject to any rights of priority existing at the date of coming into operation of this sub-section all securities for loans created by a local authority whether under this Ordinance or any other law shall rank equally without any priority.

(5) Na verhoor van so'n aansoek kan die hof so'n order uitvaardig en enige bevele gee wat onder die omstandighede dienstig blyk vir invordering en betaling van die verskuldigde gelde. Die hof kan veral gelas dat 'n belasting of belastings tot enige bedrag of bedrae wat die hof bepaal, gehef word op alle belasbare eiendom binne die munisipaliteit, en enige belasting wat vir heffing aldus gelas word, het dieselfde vestiging as enige belasting gehef deur die raad, en kan op dieselfde wyse toegepas word, en die opbrengs daarvan moet in geregtelike bewaring gestel of andersins betaal word al na die hof gelas.

(6) As daar te eniger tyd met die terugbetaling van 'n lening of van enige paalement daarvan versuim word na verloop van 'n tydperk van dertig dae van die datum waarop so'n lening of paalement terugbetaalbaar is, dan kan soortgelyke geregtelike stappe gedoen word op aansoek van die persoon aan wie so'n terugbetaling verskuldig is of van sy behoorlik gemagtigde verteenwoordiger.

(7) Na verhoor van so'n aansoek kan die hof, behalwe enige order wat hy bevoegd is om kragtens subartikel (5) uit te vaardig, as hy dit dienstig ag, gelas dat enige eiendom wat die lening dek, verkoop moet word, altyd onderworpe aan die bepalinge van enige wet wat betrekking het op die vervreemding van enige grond waarvan die eiendomsreg kragtens so'n wet by die raad berus.

(8) Nieteenstaande andersluidende bepalinge in subartikel (17) van artikel *een-en-veeftig* van Ordonnansie No. 3 van 1903, is die sekuriteit vir wissels uitgegee kragtens die bepalinge van daardie Ordonnansie, die sekuriteit waarvoor in subartikel (2) van hierdie artikel voorsiening gemaak word.

(9) Nieteenstaande die bepalinge van hierdie artikel is Ordonnansie No. 3 van 1903 (soos gewysig) nog steeds van toepassing op die munisipaliteit van Johannesburg, en die raad van daardie munisipaliteit is nie geoorloof om geld te leen deur middel van effekte of wissels behalwe soos in daardie Ordonnansie voorgeskryf nie.

(10) Onderworpe aan die bepalinge van hierdie artikel en behoudens enige voorkeurregte wat daar ten tyde van die inwerkingtreding van hierdie subartikel bestaan, staan alle sekuriteite vir lenings deur 'n plaaslike bestuur ingevolge hierdie Ordonnansie of 'n ander wet aangegaan, gelyk sonder enige voorkeur.

Ord. No
17 van
1939.

—
Artikel 52.

Ord. No.
17 of 1939

Overdrafts

53. The council may obtain advances from any bank by way of overdraft in such amounts and on such conditions as the Administrator may approve; and the provisions of the last preceding section for the security of such advances and for the recovery thereof shall apply in all respects as if such advances were loans raised under the last preceding section.

Illegal
borrowing.

54. Save when any loan or advance by way of overdraft has been authorized as aforesaid, no person or bank lending money to a council shall have any remedy or right whatsoever to recover such loan or advance from the council. If a council borrows any money which it is not legally bound to repay, all the members who have joined in authorizing the borrowing of such money shall be jointly and severally liable to repay the sum and all interest thereon, and the same may be recovered from them by action in any competent court.

Deprecia-
tion
regulations.

55. (1) It shall be the duty of the council to frame regulations providing for the annual setting aside by the council of adequate amounts to meet the depreciation of works and plant purchased from any loans raised under the provisions of section *fifty-two* or *fifty-three* hereof and to submit such regulations for the approval of the Administrator who may approve the same with or without modification and such regulations when approved shall be published in the *Provincial Gazette*; provided, however, that if the council shall fail to frame such regulations and to submit the same for the approval of the Administrator within a period of twelve months from the date on which the Administrator shall require the council to frame the regulations under this section, such regulations may be made by the Administrator.

(2) The council shall set aside annually out of its revenue such amounts for depreciation as are required under regulations made under this section.

(3) It shall be the duty of the town treasurer or officer of the council entrusted with the duties of treasurer to compile records of all the movable assets and plant of the council and to keep such records up to date

53. Die raad kan van enige bank by wyse van oortrekking voorskotte verkry tot die bedrae en op die voorwaardes wat die Administrateur goedkeur; en die bepalings van die laasvooraafgaande artikel aangaande die sekuriteit vir sulke voorskotte en vir die invordering daarvan is in alle opsigte van toepassing asof sulke voorskotte lenings was wat kragtens laasvooraafgaande artikel opgeneem is.

Bankoor-
trekkings.
Ord. No.
17 van
1939.

54. Behalwe wanneer enige lening of voorskot by wyse van oortrekking gemagtig is soos voornoem, het geen persoon of bank wat aan 'n raad geld leen, enige middel of reg hoege-naamd om so'n lening of voorskot van die raad in te vorder nie. As 'n raad enige geld leen wat hy nie wettiglik verplig is om terug te betaal nie, is alle lede wat tesame die lening van die geld gemagtig het gesamentlik en afsonderlik aanspreeklik vir die terugbetaling van die bedrag en alle rente daarop, en dit kan op hulle by wyse van regsgeeding in 'n bevoegde hof verhaal word.

Onwettige
lenings.

55. (1) Die raad is verplig om regulasies op te stel waarin voorsiening gemaak word vir die jaarlikse afsondering deur die raad van toereikende bedrae tot dekking van die waardevermindering van werke en uitrusting wat aangekoop is uit enige lenings opgeneem kragtens die bepalings van artikels *twee-en-veertig* of *drie-en-veertig* hiervan en om hierdie regulasies aan die Administrateur vir goedkeuring voor te lê. Die Administrateur kan hulle met of sonder verandering goedkeur en hierdie regulasies moet, wanneer goedgekeur, in die *Offisiële Koerant van die Provinsie Transvaal* gepubliseer word; met dien verstande egter dat as die raad versuim om sulke regulasies op te stel en aan die Administrateur vir goedkeuring voor te lê binne 'n tydperk van twaalf maande van die datum waarop die Administrateur die raad gelas om die regulasies kragtens hierdie artikel op te stel, die Administrateur sulke regulasies kan opstel.

Regulasies
op waarde-
vermin-
dering.

(2) Die raad moet jaarliks uit sy inkomste die bedrae afsonder vir waardevermindering wat vereis word by regulasies ingevolge hierdie artikel opgestel.

(3) Die stadstesourier of die beampte van die raad belas met die pligte van tesourier, is verplig om registers aan te lê van alle roerende bate en uitrusting van die raad en om dit by te hou.

Ord. No.
17 of 1939.

PART II.—ACCOUNTS AND AUDIT.

Accounts to
be kept.

56. The council shall cause proper books to be provided and true and regular accounts to be entered therein of all sums of money received and paid on account of and for the council, and of the several purposes for which such sums of money have been received and paid.

Financial
year.

57. The accounts of the council shall be made up and an abstract thereof published not less than once in every financial year, and for the purposes of this Ordinance the financial year shall be the twelve months ending on and including the thirtieth day of June in each and every calendar year.

Council to
frame
annual
estimates.

58. Not less than fourteen days before the expiry of any financial year the finance committee shall draw up and present at any ordinary or special meeting of the council a detailed estimate of the revenue and expenditure of the council for the next financial year. A copy of such statement shall be recorded in the minutes of the council.

Adminis-
trator to
appoint
inspectors
and
auditors.

59. (1) The Administrator shall appoint one or more persons, who may be officers of the public service, to examine, from time to time, the accounts and records of the council and the council shall, by the town clerk or town treasurer or other officer authorised by such council produce and lay before the person or persons so appointed all books and statements of accounts and balance sheets of the council prepared by the said town clerk or town treasurer or other authorised officer together with all vouchers in support of the same and all books, papers and writings and minute books in their power relating thereto, but these may at no time be removed from the office of the council without the express sanction thereof.

(2) The council may submit a recommendation to the Administrator in regard to the person or persons to be appointed as auditors.

(3) The council shall pay to the Administrator within three months from the date of signing and certifying the accounts of the council for any one financial year, such sum as the Administrator may in each case determine as having been the cost of the audit of such accounts, provided that the amount so determined shall not exceed one per centum of the normal expenditure as certified by the

DEEL II.—REKENINGS EN OUDITERING.

Ord. No.
17 van
1939.

56. Die raad moet sorg dra dat behoorlike ^{Rekenings moet gehou word.} boeke verskaf en juiste en gereelde rekenings daarin gehou word van alle bedrae ontvang en uitbetaal op rekening van en vir die raad, en van die onderskeie doeleindes waarvoor sulke bedrae ontvang en uitbetaal is.

57. Die rekenings van die raad moet opge- ^{Boekjaar.} maak en 'n uittreksel daarvan minstens eenmaal iedere boekjaar gepubliseer word, en vir die doeleindes van hierdie Ordonnansie is die boekjaar die twaalf maande wat eindig op en met inbegrip van die dertigste dag van Junie in elke kalenderjaar.

58. Minstens veertien dae voor die afloop ^{Raad moet jaarlikse begrotings opmaak.} van enige boekjaar moet die finansiële komitee 'n volledige begroting van die inkomste en uitgawe van die raad vir die volgende boekjaar opmaak en dit op 'n gewone of spesiale vergadering van die raad indien. 'n Afskrif van hierdie staat moet in die notule van die raad opgeneem word.

59. (1) Die Administrateur benoem een of ^{Adminis- trateur benoem inspekteurs en oudi- teurs.} meer persone wat amptenare in die staatsdiens kan wees, om van tyd tot tyd die rekenings en stukke van die raad na te gaan, en die raad moet, deur bemiddeling van die stadsklerk of stadstesourier of ander beamppte deur sodanige raad gemagtig, aan die aldus benoemde persoon of persone oorlê en voorlê alle boeke en rekening- en balansstate van die raad opgestel deur genoemde stadsklerk of stadstesourier of ander gemagtigde beamppte tesame met alle bewysstukke ter stawing van genoemde dokumente en alle boeke, stukke en geskrifte en notuleboeke in hul mag wat daarmee in verband staan, maar hierdie dokumente mag nooit uit die kantoor van die raad verwyder word sonder sy uitdruklike toestemming nie.

(2) Die raad kan aan die Administrateur 'n aanbeveling doen in verband met die persoon of persone wat tot ouditeur of ouditeurs benoem moet word.

(3) Binne drie maande vanaf die datum waarop die rekenings van die raad vir 'n bepaalde boekjaar onderteken en gesertifiseer word, moet die raad aan die Administrateur 'n bedrag betaal wat die Administrateur in elke geval vasstel as die koste van die ouditering van sodanige rekenings, met dien verstande dat die aldus vasgestelde bedrag nie een persent van die normale uitgawe soos

Ord. No.
17 of 1939.

—
Section 95.

auditor, subject to a minimum of five pounds provided that if necessary an additional amount may be included in the fee for non-audit work which has had to be undertaken when for the purpose of an effective audit the accounts require to be completed, adjusted or balanced by the auditor conducting the examination.

(4) Notwithstanding the preceding sub-section the fee to be paid to an auditor so appointed who is not an officer of the public service shall be determined by the Administrator after consultation with the council concerned. When due such fee shall be paid either annually or quarterly to the auditor by the council which shall advise the Administrator thereof immediately thereafter.

(5) Local authority audit fees, other than those referred to in the preceding sub-section, shall accrue to the Provincial Revenue Fund.

(6) It shall be the duty of the auditor or auditors to furnish to the Administrator a report in writing in manner prescribed, and in the case of auditors who are not public servants such reports shall simultaneously be furnished to the council. In addition the auditor shall certify not less than once in each financial year whether or not—

- (a) the accounts of the council are in order,
- (b) separate accounts of all trading undertakings (if any) have been kept,
- (c) the accounts issued present a true and correct view of the financial position of the council, of its transactions, and of the results of the trading (if any),
- (d) due provision has been made for the redemption and repayment of any moneys borrowed whether in the form of municipal stock or in whatever form including bank overdrafts,
- (e) the amounts set aside for depreciation and obsolescence of plant or other assets acquired from loan or capital funds are adequate and in accordance with prescribed regulations,
- (f) the value of the assets of the council has been fairly stated,

gesertifiseer deur die ouditeurs te bowe mag gaan nie, onderworpe aan 'n minimum van vyf pond, met dien verstande dat, as dit nodig is, 'n addisionele bedrag in die gelde ingesluit kan word vir die nie-ouditeerwerk wat onderneem moet word wanneer, vir die doel van 'n doelmatige ouditering, die rekening voltooi, afgesluit of gebalanseer moet word deur die ouditeur wat die ondersoek uitvoer.

Ord. No.
17 van
1939.

—
Artikel 59.

(4) Ondanks die bepalings van die voorgaande subartikel, word die gelde wat aan 'n ouditeur aldus aangestel en wat nie 'n lid van die staatsdiens is nie, betaal word, deur die Administrateur vasgestel na bespreking met die betrokke raad. Wanneer dit verskuldig is, moet die gelde of jaarliks of kwartaal-likes aan die ouditeur deur die raad betaal word, en die raad moet onmiddellik daarna die Administrateur daarvan in kennis stel.

(5) Ouditeursgelde vir plaaslike besture, behalwe dié waarna in die vorige subartikel verwys word, kom aan die Provinsiale Inkomstefonds toe.

(6) Dit is die plig van die ouditeur of ouditeurs om 'n skriftelike verslag op die voorgeskrewe manier aan die Administrateur te stuur, en in die geval van ouditeurs wat nie staatsamptenare is nie, moet sodanige verslae gelyktydig aan die raad gestuur word. Daarbenewens moet die ouditeur minstens eenkeer 'n boekjaar sertifiseer of (al dan nie):—

- (a) die rekenings van die raad in orde is,
- (b) aparte rekenings van alle handelsoondernemings (as daar is) aangehou is,
- (c) die uitgereikte rekenings 'n ware en juiste oorsig gee oor die finansiële posisie van die raad, van sy verrigtings, en van die resultate van sy handelsoondernemings (as daar is),
- (d) behoorlike voorsiening gemaak is vir die delging en terugbetaling van geleende gelde hetsy in die vorm van munisipale effekte of watter vorm ook al met inbegrip van bankoortrekkings,
- (e) die bedrae uitgehou vir waardevermindering en veroudering van uitrusting of ander bate verkry uit lenings op kapitaalfondse toereikend is en in ooreenstemming met die voorgeskrewe regulasies,
- (f) die waarde van die bate van die raad billik opgegee is,

Ord. No.
17 of 1939.

—
Section 59.

- (g) the details of the several registers have been reconciled and adjusted with ledger balances and are correct,
- (h) all his or their requirements and recommendations (as auditor or auditors) have been complied with and carried out.

(7) It shall be the duty of the town clerk immediately upon receipt from the Provincial Secretary, or in the case of the auditor referred to in sub-section (4) hereof, of the accounts of the council and the audit inspection report or reports thereon or copies thereof to submit the same to the mayor and/or chairman of the finance committee and thereafter to lay the same before the council at its next ensuing meeting by means of the agenda in which the said documents shall be embodied verbatim and to furnish within fourteen days after such meeting has been held a copy of such agenda to the editors of two or more newspapers—one of which shall be a daily newspaper circulating within the area of the local authority.

Powers of
auditors

60. For the purpose of any audit under the provisions of the last preceding section the auditor may hear and receive evidence and examine witnesses upon oath (which oath the auditor is hereby empowered to administer) and, by summons under his hand, require such persons as he may think fit to appear personally before him at a time and place to be stated in such summons and to produce all such books and papers (including the minutes of the proceedings of the council or of any committee of the council) as may be necessary for such audit. Any person so required who shall without lawful excuse refuse to attend in obedience to such summons, or who, having appeared, shall refuse to be examined on oath or to take such oath, or, having taken such oath, to answer such questions as shall be put to him, shall be liable to a fine not exceeding twenty pounds for every such act or offence; provided that no conviction under this section shall be deemed to exempt the person convicted from liability to do or perform the act, matter, or thing required to be done or performed by him, or from being successively convicted and punished for every distinct commission of the same act or offence.

- (g) die besonderhede in die betrokke registers met die grootboeksaldo's versoen en verreken is en korrek is,
- (h) al sy of hulle vereistes en aanbevelings (as ouditeur of ouditeurs) nagekom en uitgevoer is.

Ord. No.
17 van
1939.

—
Artikel 59.

(7) Dit is die plig van die stadsklerk om onmiddellik na ontvangs van die Provinsiale Sekretaris, of in die geval van die ouditeur vermeld in subartikel (4) hiervan, van die rekenings van die raad en die auditinspeksierapport of -rapporte in verband daarmee of kopieë daarvan, genoemde dokumente aan die burgemeester en/of voorsitter van die finansiële komitee voor te lê, en daarna genoemde dokumente by sy eersvolgende vergadering aan die raad voor te lê deur middel van die agenda waarin genoemde dokumente woordelik opgeneem moet word, en om binne 14 dae na so'n vergadering plaasgevind het, 'n afskrif van sodanige agenda te stuur aan die redakteur van twee of meer koerante—een waarvan 'n dagblad moet wees wat binne die regsgebied van die plaaslike bestuur in omloop is.

60. Vir die doel van enige ouditering <sup>Bevoegd-
hede van
ouditeurs.</sup> kragtens die bepaling van die laasvoorgaande artikel kan die ouditeur getuienis afneem en getuies onder eed ondervra (watter eed die ouditeur hierby gemagtig word om af te neem) en by wyse van dagvaarding deur hom geteken, persone gelas om persoonlik voor hom te verskyn op 'n tyd en plek wat in so'n dagvaarding vermeld moet word en om alle boeke en dokumente (met inbegrip van die notule van die raad of van enige komitee van die raad) oor te lê wat vir so'n ouditering nodig is. Iemand wat aldus gedagvaar word en wat sonder wettige verontskuldiging weier om so'n dagvaarding te gehoorsaam en te verskyn of wat verskyn maar weier om onder eed ondervra te word of om so'n eed af te lê, of wat so'n eed aflê maar weier om die vrae te beantwoord wat hom gestel word, stel hom bloot aan 'n boete van hoogstens twintig pond vir ieder sodanige handeling of oortreding; met dien verstande dat dit nie geag word dat 'n veroordeeling kragtens hierdie artikel die veroordeelde persoon vrystel van die verpligting om die handeling, saak of ding wat hy moet doen of verrig, te doen of te verrig, of van later skuldigbevinding en veroordeling vir iedere afsonderlike pleging van dieselfde daad of oortreding nie.

Ord. No.
17 of 1939.

Appoint-
ment of
town clerk
and other
officials.

61. (1) The auditor or auditors appointed by the Administrator shall disallow every payment made without due authority according to law and surcharge the same on the person or persons making or authorizing the illegal payment, and shall charge against any person or persons responsible therefor the amount of any deficiency or loss incurred by the negligence or misconduct of such person or persons, or of any sum which ought to have been brought into account by any such person or persons, and shall in every case certify the amount due from such person. Every sum so certified by the auditor shall be paid by such person or persons to the town clerk or other official appointed by the council within fourteen days after written demand and, if not so paid, may be recovered from such person or persons as a debt by the auditor, who shall be paid by the council his reasonable costs and expenses incurred in such proceedings. Any sum so recovered shall be paid to the town clerk or other official appointed by the council to receive and give a discharge for revenues payable to the council; provided that the Administrator may remit the whole or any part of any sums surcharged against any person under this section.

(2) For the purposes of this section the persons making or authorizing any illegal payment shall include all councillors or members of any committee of the council who were present at the meeting of the council or committee at which such payment was authorized and who did not cause their votes against the resolution authorizing such payment to be recorded in the minutes.

(3) The provisions of this section and of the preceding section shall apply *mutatis mutandis* to the audit of any fund which is still in existence and which was established under the provisions of sub-section (33) of section *seventy-nine* of Ordinance 11 of 1926.

61. (1) Die ouditeur of ouditeurs deur die Administrateur benoem, moet elke betaling afkeur wat sonder behoorlike wetlike magtiging gedoen is en dit op die persoon of persone verhaal wat die onwettige betaling gedoen of gemagtig het, en moet teen iedere persoon of persone wat daarvoor verantwoordelik is die bedrag van elke tekort of verlies in rekening bring wat deur die agteloosheid of wangedrag van so'n persoon of persone veroorsaak is, of van alle gelde wat deur so'n persoon of persone verantwoord moes geword het, en moet in elke geval die bedrag deur so'n persoon verskuldig, sertifiseer. Elke bedrag wat aldus deur die ouditeur gesertifiseer word, moet binne veertien dae na skriftelike versoek deur so'n persoon of persone betaal word aan die stadsklerk of ander beamppte deur die raad aangestel, en as dit nie aldus betaal word nie, kan dit van so'n persoon of persone as 'n skuld ingevorder word deur die ouditeur aan wie die raad sy redelike onkoste en uitgawe gemaak in verband met sulke stappe, moet betaal. Elke som wat aldus ingevorder word, moet betaal word aan die stadsklerk of ander beamppte deur die raad aangestel om inkomste aan die raad betaalbaar, in ontvangs te neem en daarvoor 'n kwitansie te gee; met dien verstande dat die Administrateur die somme wat op iemand ingevolge hierdie artikel verhaal word, geheel of gedeeltelik kan kwyt-skeld.

Ouditeur se
reg van
verhaal. **Ord. No**
17 van
1939.

(2) Vir die doeleindes van hierdie artikel word onder die persone wat 'n onwettige betaling doen of magtig, alle raadslede of lede van enige komitee van die raad inbegrepe wat aanwesig was op die vergadering van die raad of van die komitee waarop so'n betaling gemagtig was, en wat nie hulle stem teen die besluit wat so'n betaling magtig, in die notule laat opteken het nie.

(3) Die bepalings van hierdie en die voorafgaande artikel is *mutatis mutandis* van toepassing op die ouditering van enige fonds wat nog bestaan en wat kragtens die bepalings van subartikel (33) van artikel *nege-en-seventig* van Ordonnansie No. 11 van 1926 in die lewe geroep is.

Ord. No.
17 of 1939.

CHAPTER VI.

POWERS AND DUTIES OF MUNICIPAL COUNCILS.

PART I.—GENERAL POWERS.

Auditors'
power to
surcharge

62. (1) Subject to the provisions of sections *twelve* and *fourteen* of the Public Health Act, 1919, the council shall from time to time appoint a town clerk and a medical officer of health, who shall be a person duly registered as a medical practitioner in the Union, and the council may appoint such other officers as it may consider necessary and may pay such salaries and monetary allowances to such officers as it may determine; and, unless it shall be otherwise stipulated in the contract with or in the appointment of an officer of the council, it may at any time remove such officer upon notice of not less than one month or, in the case of misconduct, immediately without notice; provided that—

- (a) no officer holding the post of town clerk, medical officer of health, town treasurer or town engineer shall be removed from office unless and until such removal shall have been decided upon by a majority of councillors present at a meeting specially convened for the purpose and that the number of members voting in the majority is equal to a majority of the full council;
- (b) the removal of a medical officer of health and of a sanitary inspector shall be subject to the provisions of sections *twelve* and *fourteen* respectively of the Public Health Act, 1919; and
- (c) the removal of a town clerk or any reduction in his salary or emoluments shall be subject to the approval of the Administrator.

(2) Save as provided in sub-section (1) of section *thirty-nine* no person may be appointed under the provisions of this section who is a member of the council or who has been such a member at any time during the six months prior to the said appointment.

HOOFSTUK VI.

Ord. No.
17 van
1939.BEVOEGDHEDE EN PLIGTE VAN MUNISIPALE
RADE.

DEEL I.—ALGEMENE BEVOEGDHEDE.

